SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA NUUS VIR SONDAG 21 NOVEMBER 2021

Goeie môre en welkom by die weeklikse nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, gelees deur _____ (jou naam, roepsein en QTH)

Die Suid-Afrikaanse Radioliga saai elke Sondag nuus bulletins in Afrikaans sowel as Engels om 08:15 en 08:30 Sentraal Afrika Tyd onderskeidelik uit op HF sowel as op verskeie BHF- en UHF-herhalers. Hierdie uitsendings word ook via Echolink herlei deur Johan, ZS6JPL. Die oudio bulletins kan afgelaai word vanaf die Liga webwerf by www.sarl.org.za, terwyl die teks bulletins by https://sarlnewsbulletin.wordpress.com/ afgelaai kan word. Om by die Mailchimp bulletin e-poslys aan te sluit, stuur 'n e-pos aan die SARL Sekretaris.

In die nuus vandag:

DIE ONS PRAAT TEGNIESE KRAG-UUR OP 24 NOVEMBER 2021

IARU STREEK 1 - DESEMBER 2021 YOTA MAAND

en

SLUIT AAN BY DIE SARL TEEN HALF-JAAR TARIEF

Bly ingeskakel vir meer inligting oor hierdie en ander interessante nuus items.

DIE ONS PRAAT TEGNIESE KRAG-UUR OP 24 NOVEMBER 2021

Stel jy belang in RaDAR en ultra-draagbare amateur radio? Hierdie maand se Ons Praat Tegniese Krag-Uur het spesiale gas Eddie, ZS6BNE en hy sal interessante en vermaaklike insigte deel oor Vinnig Ontplooibare Amateur Radiostasies (RADAR) en ultra-draagbare stasies. Almal is welkom om vanaf 19:00 SAT op Woensdag 24 November aan te sluit op die Sandton 145 700 MHz herhaler en Echolink.

RAAD VERGADER OP 26 EN 27 NOVEMBER

Die Raad sal op Vrydag 26 en Saterdag 27 November van aangesig tot aangesig by die Nasionale Amateurradiosentrum vergader. Dit sal die eerste vergadering sedert Februarie 2019 wees. Die Raad sal kyk na die reëlings vir die 2022 AJV, die begroting vir 2022/23; die werk van die SARL-100-werkgroep; SARL Hamnet; die OKOSA-skakeling; HF en VHF en hoër sake en meer tydens die vergadering.

IARU STREEK 1 - DESEMBER 2021 YOTA MAAND

Desember is YOTA-maand wanneer verskeie jongmense van Lidverenigings aktief sal wees met YOTA as agtervoegsel in die roepseine. Van Woensdag 1 Desember tot Vrydag 31 Desember 2021 sal internasionale YOTA-stasies, wat deur jong amateurs in hul tienerjare en vroeë twintigs bedryf word, probeer om wêreldwyd baie kontakte met mekaar te maak. Hierdie geleentheid is gerig op

ons jong generasie en is 'n uitstekende geleentheid vir klubs om jongmense op die lug te kry wat belangstel in of meer wil leer oor Amateur Radio.

Dit is nie 'n formele kompetisie nie, maar 'n manier om ons huidige jong amateurs op die lug te laat kontak met honderde ander jongmense regoor die wêreld. Die SARL het 'n spesiale roepsein ZS9YOTA op die IARU Streek 1-webwerf geregistreer as 'n opvoedkundige roepsein vir gebruik deur klubs en individue gedurende Desember. Alle radioamateurs is welkom om 'n QSO saam met die jongmense te geniet. Let daarop dat sommige van hulle nuut is in die radiostokperdjie, terwyl ander meer ervare is.

Jy kan vir Guy, ZS6GUY per e-pos kontak by guy.eales@se.com of alternatief vir Nico, ZS6QL by zs6ql@mweb.co.za om op 'n daaglikse basis 'n tyd gleuf te bespreek om die ZS9YOTA-roepsein te gebruik. Die skedule en toepaslike reëls sal binnekort op die SARL-webwerf beskikbaar wees. Ons sien daarna uit om ons jonger generasie gedurende Desember op die lug te hoor!

SARL-TROFEË EN TOEKENNINGS

Op 2 November 2021 is 'n SARL-Kommunikasie aan lede gestuur met inligting oor die SARL-trofeë en -toekennings, 'n oproep vir mosies vir die 2022 AJV en nominasies om op die Raad te dien. Hierdie inligting is ook in die November 2021 Radio ZS. Moenie wag tot Sondag 30 Januarie 2022 om jou mosie of nominasie in te dien nie – doen dit nou!

Jy luister na nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga.

SLUIT AAN BY DIE SARL TEEN HALF-JAAR TARIEF

Sluit more aan by die SARL en betaal die half-jaar tarief. Die Raad het besluit om die half-jaar tarief in te stel vanaf Maandag 22 November 2021. Gewone lede betaal R250, senior lede betaal R150, eggenote lede betaal R90 en studente lede betaal R60. Voltooi die aanlyn-lidmaatskap aansoekvorm op www.sarl.org.za/public/membership/join.asp en doen 'n EFT in die SARL-bankrekening met jou roepsein as verwysing. E-pos jou bewys van betaling na admin@sarl.org.za of kontak die SARL kantoor by 011 675 2393.

VAKATURES

Ons het 'n vakature vir QSL Bestuurder by die Nasionale Amateurradiosentrum aangesien Willem, ZS6X aangedui het dat hy wil uittree. As jy die uitdaging wil aanvaar, kontak die SARL Sekretaris by secretary@sarl.org.za.

Daar is 'n vakature op die SARL Forum Bestuurspan. Indien jy belangstel, kontak asseblief vir Brad, ZS5Z by e-pos forumadmin@sarl.org.za vir meer inligting.

Die SARL-100-werkgroep wil graag meer lede betrokke maak by die historiese navorsing van die Liga, wat lei tot die SARL-eeufees in 2025. Kontak Anette Jacobs, ZR6D by e-pos jhjacobsza@gmail.com om jou dienste aantebied.

KOMPETISIE NUUS

Die CQ Wêreldwye DX GG kompetisie is op die lug vanaf 00:00 UTC op Saterdag 27 tot 23:59 UTC op Sondag 28 November 2021 met aktiwiteit op 160, 80, 40, 20, 15 en 10 meter. Hier is jou kans om die wêreld te werk op gelykgolf, die uitruiling is 'n RST-verslag en jou CQ Sone. Vir Suid-Afrika is dit Sone 38. Kry die reëls op https://www.cqww.com/rules.htm.

KLUB NUUS

Die Wesrand Snuffelmark sal op Saterdag 27 November terugkeer na die normale tydgleuf van 12:00 SAT. Die hekke sal om 10:00 oopmaak vir geselligheide en verversings, verkopers word genooi om 11:30 op te daag om op te rig vir handel wat om 12:00 begin. Die Klub gaan die 'beste in die weste' boererolle verkoop met al die versierings wat kundig deur Danie en Dienie voorberei is. Bespreek 'n staanplek en tafel, bel of e-pos Phillip, ZS6PVT by 083 267 3835 of zs6pvt@gmail.com.

Die Sandton Amateur Radioklub het opgemerk dat 2021 vinnig ten einde loop, wat beteken dit is tyd vir die SARK Jaareindfunksie. Om die jaar af te sluit, sal die Klub op Sondag 28 November 2021 bymekaar kom en aan verskeie aktiwiteite by die SAIEE-kantore in Observatory, Johannesburg deelneem.

Die Antieke Draadloos Vereniging van Suider-Afrika het op Saterdag 13 November sy AJV gehou, die volgende lede is tot die komitee verkies.

President: Renato Bordin, ZS6REN

Visepresident: Jacques Scholtz, ZS6JPS.

Sekretaris/Skakeling: Andy Cairns, ZS6ADY

Tegniese adviseur: Rad Handfield-Jones, ZS6RAD

Geskiedkundige: Oliver Gerondeanos, ZS6OG

WK-verteenwoordiger: John Watson, ZS1WJ

KZN-verteenwoordiger: Don Radford, ZS5DR

Lid - Wally Watson, ZS6WLY

HF VOORTPLANTINGSVOORSPELLING

Hannes Coetzee, ZS6BZP, berig dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak laag gaan wees. Tans is daar twee sonvlekgroepe sigbaar en daar is 'n moontlikheid van geringe C-klas sonfakkels.

Diegene wat hulle eie frekwensievoorspellings wil doen, kan 'n verwagte effektiewe sonvlektelling van 10 vir die week gebruik. Radio amateurs kan veral laatmiddag goeie DX openinge op die 15 tot 30 m bande verwag. Besoek gerus die webtuiste spaceweather.sansa.org.za vir meer inligting.

Nou die dagboek van gebeure vir die volgende paar weke:

24 November – die Sandton Ons Praat Tegnies Krag-uur

26 en 27 November – die Raad se Strategie vergadering

27 November – die Kaapstadse ARS vergadering en die Wesrand Snuffelmark

27 en 28 November – die CQ WW DX GG-kompetisie

30 November – die Secunda ARK-vergadering

1 Desember – Die begin van die YOTA Desember Maand-aktiwiteit

3 Desember - Internasionale Dag vir Gestremde Persone

4 Desember – Die Durbanse ARK-vergadering, die SARL 40 m Klub-naelloop en die SARL/AMSAT SA Tegnologie werkswinkel

5 Desember - Internasionale Vrywilligersdag

11 en 12 Desember – die ARRL 10 meter kompetisie

16 Desember – die Dag van Versoening

Om die bulletin mee af te sluit, 'n opsomming van ons hoof berig:

Kom meer te wete oor RaDAR en ultra-draagbare amateur radio vanaf 19:00 SAT op Woensdag 24 November op die Sandton 145 700 MHz herhaler en Echolink. Eddie, ZS6BNE is die spesiale gas op die Sandton Ons Praat Tegnies Krag-uur.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin.

Die Suid-Afrikaanse Radioliga se nuus diens nooi klubs en individue uit om nuus brokkies van belang vir radio amateurs en kortgolf luisteraars in te dien. Plaas nuus berigte indien moontlik, in beide Engels en Afrikaans op die Suid-Afrikaanse Radioliga webtuiste onder die 'news inbox' skakel nie later as die Donderdag wat die bulletin datum vooraf gaan nie.

Luister elke Sondag oggend om 10:00 Sentraal Afrika Tyd na "Amateur Radio Today." Daar is herleiding op 7 082 kHz laer syband deur Louis, ZS5LP en verskeie herleidings op BHF en UHF frekwensies regoor Suid-Afrika. 'n Heruitsending aangebied deur Andy ZS6ADY vind op Maandae aande om 19:30 Sentraal Afrika Tyd op 3 620 kHz plaas.

Ons ontvang graag jou sein rapporte, kommentaar en voorstelle, stuur 'n e-pos aan artoday@sarl.org.za.

Jy het geluister na 'n nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, saam gestel deur Andy Cairns ZS6ADY, geredigeer deur Vivian Dold ZS6VD en gelees deur .....

van die Nuusspan, die beste wense vir die week vorentoe.